UNIVERSITEIT·STELLENBOSCH·UNIVERSITY
jou kennisvennoot • your knowledge partner

# K E N N I S G E W I N G

**VERLENING VAN GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE**
**(INGESLOTE DOKTORALE GRADE)**

**DESEMBER 2017 (en die datums vir MAART 2018)**

Hierdie kennisgewing word aan ALLE voorgraadse finalejaarstudente en nagraadse studente gestuur, ongeag of hulle wel by enige van die ondergemelde gradeplegtighede sal gradueer, al dan nie.

Die kennisgewing is dus nie ’n bewys van verwerwing van die kwalifikasie nie, aangesien dit uitgestuur en gepubliseer word voordat dit bekend is watter studente by die betrokke plegtighede sal gradueer.

Voorgraadse finalejaarstudente wat tydens die tweede eksamengeleentheid in November eksamen aflê en slaag, sal in Maart 2018 gradueer. Die datums en tye van die Maart 2018-plegtighede is gerieflikheidshalwe by paragraaf J ingevoeg.

## A. PLEK, DATUMS EN TYE

Die verlening van grade, diplomas en sertifikate (hierna **kwalifikasies** genoem) (ingesluit doktorsgrade en Eredoktorsgrade) in **Desember 2017** vind plaas in die **Coetzenburg-sentrum** op die **Coetzenburg sportgronde** op die datums en tye soos hieronder in die tabel aangedui.

Elke plegtigheid begin stiptelik op die tyd in hakies aangedui, maar **alle kandidate tot op magistervlak moet TWEE UUR vroeër** by die **pawiljoen van die Danie Cravenstadion** aanmeld, reeds in besit van hul gehuurde akademiese drag. **Doktorale kandidate** moet **1½ uur** voor die aanvang van die betrokke plegtigheid in die **Barlowkamer** in die **Jannie Marais-huis** op Coetzenburg aanmeld, ook in besit van hulle gehuurde akademiese drag. Kandidate wat met of sonder gehuurde akademiese drag by die Coetzenburg-sentrum arriveer nadat die gradeplegtigheid reeds begin het, sal nie oor die verhoog kan stap nie en hul kwalifikasies sal ***in absentia*** toegeken word. Lees asseblief afdelings B en C verder aan baie noukeurig.

| DATUM EN TYD | FAKULTEITE |
|---|---|
| 1. MAANDAG 4 DESEMBER (17:30) | Natuurwetenskappe |
| 2. DINSDAG 5 DESEMBER (10:00) | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| 3. DINSDAG 5 DESEMBER (17:30) | Opvoedkunde |
| | Krygskunde |
| 4. WOENSDAG 6 DESEMBER (10:00) | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Groep A#) |
| 5. WOENSDAG 6 DESEMBER (17:30) | Lettere en Sosiale Wetenskappe (**maar slegs** Drama, Musiek en Visuele Kunste tot op magistervlak, nie doktoraal nie) |
| | AgriWetenskappe |
| | Regsgeleerdheid (**uitgesluit** BCom Regsgeleerdheid, BA Regsgeleerdheid en BRekLLB)) |
| 6. DONDERDAG 7 DESEMBER (10:00) | Lettere en Sosiale Wetenskappe (**ingesluit** BA Regsgeleerdheid, **maar uitgesluit** Drama, Musiek en Visuele Kunste tot op magistervlak, wel doktoraal in hierdie drie vakgebiede indien daar kandidate is) |

| DATUM EN TYD | FAKULTEITE |
|---|---|
| 7. DONDERDAG 7 DESEMBER (17:30) | Teologie |
| | Ingenieurswese |
| 8. VRYDAG 8 DESEMBER (10:00) | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (Groep B[#]) |
| | Eredoktorsgrade |

**[#]GROEPINDELING vir Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe**

| GROEP A | GROEP B |
|---|---|
| Diploma in Openbare Verantwoordbaarheid | Nagr Dipl in Akt Wetenskap |
| Nagr Dipl in Besigheidsbestuur and Admin | Nagr Dipl in Bemarking |
| Nagr Dipl in Dispuutbeslegting | Nagr Dipl in MIV (Vigsbestuur) |
| Nagr Dipl in Finansiële Beplanning | Nagr Dipl in Vervoer en Logistiek |
| Nagr Dipl in Leierskapontwikkeling | BCom (**ingesluit** Regsgeleerdheid) |
| Nagr Dipl in Omgewingsbestuur | HonsBCom (**maar uitgesluit** Openbare en Ontwikkelingsbestuur) |
| Nagr Dipl in Ontwikkelingsfinansies | MPhil (alle programme wat nie by Groep A ingedeel is nie) |
| Nagr Dipl in Projekbestuur | MCom |
| Nagr Dipl in Toekomsstudie | PhD (Stellenboschkampus) |
| Nagr Dipl in Volhoubare Ontwikkeling | |
| HonsBPA | |
| HonsBCom (**slegs** Openbare en Ontwikkelingsbestuur) | |
| MPhil (Bestuursafrigting, Omgewingsbestuur, Ontwikkelingsfinansies, Toekomsstudie, Volhoubare Ontwikkeling) | |
| MPA | |
| MBA | |
| BRek | |
| BRekLLB | |
| HonsBRek | |
| MRek | |
| PhD (Bestuurskool) | |

## B. PROSEDURE EN GASTE

1. Alle kandidate (**uitgesonderd doktorale kandidate**, **kyk punt 2 hieronder**) moet **twee uur** voor die aanvang van die betrokke plegtigheid **agter die pawiljoen van die Danie Cravenstadion** aanmeld om in die korrekte volgorde (kandidateprosessie) opgestel te word **en om die naamkaartjie wat tydens oorstap oor die verhoog vir die Dekaan gegee moet word, te ontvang.** Vir oggendplegtighede moet kandidate agter die pawiljoen vergader en vir middagplegtighede gaan sit kandidate in die pawiljoen aan die rivier se kant. By aankoms by die Danie Craven Pawiljoen moet alle kandidate reeds in besit van hulle gehuurde akademiese drag vir die plegtigheid wees (kyk afdeling C hieronder vir huur van akademiese drag).

   Kandidate wat nie bekend is met Stellenbosch nie, word aangeraai om hulle vooraf van die ligging van en die roete na Coetzenburg sportgronde en die Coetzenburg-sentrum te vergewis. Kandidate wat van openbare vervoer gebruik maak en/of van ver af reis om gradeplegtighede by te woon, word aangeraai om genoeg tyd toe te laat vir moontlike onvoorsiene gebeure soos vlugte of busse wat laat vertrek, padwerke wat oponthoude kan veroorsaak, of voertuie wat onklaar raak. Daar is gewoonlik ook druk verkeer in Stellenbosch, veral by die Coetzenburg sportgronde, wat in gedagte gehou moet word. Parkering (soms ver van die Coetzenburg-sentrum) en die huur van akademiese drag kan heelwat tyd in beslag neem. Kandidate wat van baie ver af reis, word aangeraai om liewer reeds die dag voor die betrokke plegtigheid in Stellenbosch te arriveer.

2. **Doktorale kandidate** moet **1½ uur** voor die aanvang van die betrokke plegtigheid in die **Barlowkamer in die Jannie Marais-huis op Coetzenburg** aanmeld. Op daardie stadium moet alle doktorale kandidate reeds in besit van hulle gehuurde akademiese drag vir die plegtigheid wees. Die Jannie Marais-huis en "Die "Stal", waar die akademiese drag verhuur word, is deel van dieselfde gebouekompleks. Kyk afdeling C hieronder vir huur van akademiese drag.

3. **Gestremde of beseerde kandidate** wat nie oor die verhoog kan beweeg tydens die toekenning van die betrokke kwalifikasie nie (daar is trappe op na en af van die verhoog), moet asseblief nie later nie as **Vrydag 24 November** met die **Kontaksentrum** by tel nr **021 808 9111** of e-pos info@sun.ac.za in verbinding tree, met die oog op die tref van spesiale reëlings vir die toekenning van die kwalifikasie voor die verhoog.

4. Kandidate tot op **magistervlak** mag elk tot **vier gaste** na die plegtigheid nooi. **Doktorale kandidate** mag elk tot **vyf gaste** nooi. Geen toegangskaartjies word uitgereik nie. Voorskoolse kinders moet liefs nie die plegtighede bywoon nie.

5. Die Universiteit doen 'n vriendelike beroep op alle kandidate en op hul gaste om nie die saal tydens die plegtigheid te verlaat nie en sodoende te verseker dat die plegtigheid met die nodige waardigheid verloop. Indien dit vir kandidate onmoontlik blyk te wees om die volle duur van 'n plegtigheid teenwoordig te wees, moet hulle dit oorweeg om die kwalifikasie ***in absentia*** te ontvang (kyk afdeling D vir die aansoekproses). Indien dit vir gaste onmoontlik blyk te wees om die volle duur van 'n plegtigheid teenwoordig te wees, moet die plegtigheid eerder nie bygewoon word nie.

6. Kandidate en hul gaste word ook vriendelik versoek om slegs ongegeurde water die saal binne te neem, geen eetgoed en koeldrank nie, asseblief. Die Coetzenburg-sentrum is toegerus met 'n spesiale vloeroppervlakte wat beskadig kan word deur eet- en drinkgoed wat daarop val.

## C. AKADEMIESE DRAG

1. Om nie afbreuk aan die waardigheid van die plegtigheid te doen nie, word van kandidate verlang om keurig en gepas vir die amptelike geleentheid geklee te wees. Mans moet kraaghemde dra. Die dra van 'n toga is verpligtend.
2. Die prosedure vir die huur van akademiese drag (togas en kwalifikasiebande) is soos volg:

2.1 Alle kandidate moet reeds oor hulle gehuurde akademiese drag beskik wanneer hulle twee uur voor die plegtigheid (1½ uur vir doktorale kandidate) by die Barlowkamer (vir doktorale kandidate) en die pawiljoen van die Danie Cravenstadion (vir kandidate tot op magistervlak), op Coetzenburg aanmeld. Die verhuring vind plaas vanuit "**Die Stal**" in die **Jannie Marais-huis** op **Coetzenburg** op die volgende tye:

| | |
|---|---|
| Maandag 4 tot Donderdag 7 Desember | 07:00 - 21:00 |
| Vrydag 8 Desember (huur en terughandiging) | 07:00 - 10:00 |
| Vrydag 8 Desember (slegs vir terughandiging) | 10:00 - 16:00 |

2.2 Kandidate vir Maandagmiddag 4 Desember se plegtigheid kan hulle akademiese drag vanaf 07:00 op die Maandagoggend huur. Kandidate vir die ander oggendplegtighede kan hulle akademiese drag vanaf 15:00 die vorige dag huur, en kandidate vir die middagplegtighede kan hulle akademiese drag vanaf 07:00 op die dag van die plegtigheid huur. Akademiese drag kan ook by aankoms vir 'n plegtigheid gehuur word. Weens die Eedafleggingseremonies op Maandag 4 Desember vir voorgraadse kandidate van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, geld eiesoortige reëlings vir hulle, wat reeds deur die Fakulteit aan hulle gekommunikeer is.

2.3 Die huurtarief vir 'n toga en graad-/diploma-/sertifikaatband sal **R220+R300 deposito = R520** tot op **magistervlak** en **R320+R500 deposito = R820** vir **doktoraal** beloop. 'n **Addisionele band** vir 'n voorheen verworwe kwalifikasie kan teen **R100 bykomend** gehuur word (nie terugbetaalbaar nie). **Slegs kontant** sal aanvaar word en die R300 of R500 deposito is terugbetaalbaar by terughandiging van die gehuurde akademiese drag in "Die Stal" na afloop van die plegtigheid. **Gehuurde akademiese drag moet na afloop van 'n gradeplegtigheid by "Die Stal" teruggehandig word**.

2.4 Kandidate wat alreeds graad(e) aan ander universiteit(e) verwerf het, moet vroegtydig die graadband(e) van die betrokke universiteit(e) aanvra, indien hulle die graadband(e) by hierdie plegtigheid sou wil dra.

## D. TOEKENNING VAN GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE IN AFWESIGHEID

Kandidate wat nie die gradeplegtigheid kan bywoon nie, kan reël dat hulle grade, diplomas of sertifikate ***in absentia*** verleen word deur die nodige vorm hiervoor op www.mymaties.com **vóór Vrydag 24 November** te voltooi. Die betrokke gradueringsdokumentasie sal dan outomaties ná afloop van al die plegtighede per geregistreerde pos na hulle posadres op die Universiteit se databasis gestuur word.
**LW: Vorm op www.mymaties.com >> Studies >> Afwesigheid van gradeplegtigheid**

## E. OORSTAAN VAN GRADE, DIPLOMAS EN SERTIFIKATE NA DIE MAARTPLEGTIGHEDE

Kandidate wat kwalifiseer om by die Desemberplegtighede grade, diplomas of sertifikate te ontvang, maar wat die verlening daarvan tot die Maartplegtighede wil laat oorstaan, kan die nodige reëling tref deur die betrokke aansoekvorm daarvoor op www.mymaties.com **vóór Vrydag 24 November** te voltooi. Voorgraadse kandidate wat die tweede eksamengeleentheid van 'n module in die Novembereksamens benut en slaag - en dus hulle kwalifikasies outomaties by die gradeplegtighede in Maart 2018 ontvang - hoef nie die vorm te voltooi nie.
**LW: Vorm op www.mymaties.com >> Studies >> Afwesigheid van gradeplegtigheid**

## F. NEEM VAN FOTO'S

Akademiese drag is by alle plaaslike fotograwe beskikbaar vir die neem van foto's. Inligting oor die neem van gesinsfoto's op die Coetzenburg-terrein word verder aan in hierdie dokument verstrek. Tydens die verloop van die plegtigheid word drie foto's van elke kandidaat by toekenning van die betrokke kwalifikasie op die verhoog geneem, wat later bestel kan word. 'n Bestelvorm word ná die plegtighede aan graduandi gestuur.

## G. EKSAMENUITSLAE

Die eksamenuitslae word amptelik bekend gemaak op **Vrydag 1 Desember om 14:00**.
Studente kan hul uitslae verkry deur:

1. die **studenteportaal** by www.mymaties.com te gebruik, of
2. navraag te doen by die Universiteit se **outomatiese antwoorddiens** by 083 123 7777, of
3. die **selfoon** webtoepassing by http://m.mymaties.com te gebruik.

## H. GELDSKULDENAARS

Kandidate wat afstudeer, maar wat geld aan die Universiteit verskuldig is, is onderworpe aan die volgende bepalings:

1. Waar die verskuldigde bedrag meer as R100,00 is, ontvang die kandidaat 'n rekening en aanmaningsbrief, in plaas van die amptelike gradueringsdokumente, in die dokumentasiekoker. Waar die verskuldigde bedrag minder as R100,00 is, ontvang die kandidaat wel die amptelike dokumente.
2. Om dit vir die Universiteit logisties moontlik te maak om kandidate se gradueringsdokumente by die plegtighede uit te reik, **moet alle** verskuldigde bedrae vir die doel van:
   - die Desemberplegtighede **vóór 12:00 op 24 November 2017 vereffen wees**.
   - die Maart 2018-plegtighede **vóór 12:00 op 9 Maart 2018 vereffen wees**.

**I. AKKOMMODASIE VIR GRADEDAE BY UNIVERSITEIT**

Selfsorg gastewoonstelle van die Universiteit kan vir oornagverblyf teen billike tariewe gedurende gradeplegtighede bespreek word. Vir meer inligting hieroor, kontak telefoonnommer 021 808 9568, óf stuur 'n e-pos aan zenobiadavids@sun.ac.za

**J. TOEKENNING VAN GRADE / DIPLOMAS / SERTIFIKATE OP 19, 20, 22 en 23 MAART 2018**

Voorgraadse studente wat die tweede eksamengeleentheid in 'n module tydens die Novembereksamens van 2017 benut en slaag sal, indien hulle kwalifiseer, hulle grade, diplomas of sertifikate tydens die **Maartplegtighede in 2018** soos hieronder aangedui in die Coetzenburg-sentrum ontvang. Nagraadse studente tot op **doktorale vlak** wie se eksaminering betyds afgehandel is, sal eweneens in **Maart 2018** soos volg gradueer:

| DATUM EN TYD | PLEGTIGHEID |
|---|---|
| 1. MAANDAG 19 MAART 2018 (17:00) | Ekonomiese & Bestuurswetenskappe: ND Aktuariële Wet, ND Bemarking, ND MIV/Vigs-best, ND Vervoer en Log, BCom (ingesluit Regsgeleerdheid), HonsBCom (uitgesluit Openbare en Ontwikkelingsbestuur), MCom, MPhil, PhD (Stellenboschkampus) |
| | Eredoktorsgrade |
| 2. DINSDAG 20 MAART 2018 (10:00) | Teologie |
| | Ingenieurswese |
| | Eredoktorsgrade |
| 3. DINSDAG 20 MAART 2018 (17:00) | AgriWetenskappe |
| | Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe |
| | Eredoktorsgrade |
| 4. DONDERDAG 22 MAART 2018 (10:00) | Lettere en Sosiale Wetenskappe |
| | Eredoktorsgrade |
| 5. DONDERDAG 22 MAART 2018 (17:00) | Natuurwetenskappe |
| | Opvoedkunde |
| | Regsgeleerdheid |
| | Krygskunde |
| | Eredoktorsgrade |
| 6. VRYDAG 23 MAART 2018 (10:00) | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe: Dipl in Openbare Verantw, ND Besigheidsbest en Admin, ND Dispuutbeslegting, ND Fin Beplanning, ND Leierskapontw, ND Omgewingsbest, ND Ontwikkelingsfinansies, ND Projekbestuur, ND Toekomsstudie, ND Volhoubare Ontwikkeling, HonsBPA, HonsBCom (slegs Openbare en Ontwikkelingsbest), MPhil (Bestuursafrigting, Omgewingsbest, Ontwikkelingsfin, Toekomsstudie, Volhoubare Ontwik), MPA, MBA, BRek, BRekLLB, HonsBRek, MRek, PhD (Bestuurskool) |
| | Eredoktorsgrade |

Dr Ronel Retief
**REGISTRATEUR**
24 Oktober 2017

## Algemene inligting

<u>Prosedure **twee uur** voor ‘n plegtigheid ’n aanvang neem vir kandidate tot op **Magistervlak**:</u>

**Stap 1**: Alle kandidate huur ‘n toga en kwalifikasieband by “Die Stal”.
**Stap 2**: Alle kandidate vergader by die Danie Craven Paviljoen.
**Stap 3**: Prosedure word verduidelik en alle kandidate se name word per fakulteit per kwalifikasie uitgelees. Eers alle voorgraadse kwalifikasies en daarna nagraadse kwalifikasies.
**Stap 4**: Nadat jou naam uitgelees is, stap jy na die tafel om jou voorstellingskaartjie te ontvang (die kaartjie word tydens die plegtigheid deur jou Dekaan gebruik om jou naam/e en van te lees).
**Stap 5**: Alle kandidate word in rye, in numeriese orde nav die nommer wat regs bo in die hoek van die voorstellingskaartjie gedruk is, opgestel.
**Stap 6**: Hou jou graadband vas soos in die foto’s op die volgende bladsy gedemonstreer word.
**Stap 7**: Stap na die Coetzenburg-sentrum en neem jou sitplek in. Beamptes sal aanwysings gee.

---

# GESINSFOTO’S

STELLENBOSCH SENTRUM VIR FOTOGRAFIESE DIENSTE
SSFD SCPS
STELLENBOSCH CENTRE FOR PHOTOGRAPHIC SERVICES






**PLEK:**
**SPORTWETENSKAP - GEBOU COETZENBURG**
(AGTER COETZENBURG-SENTRUM IN SPORTWETENSKAP-GEBOU (HOOFINGANG))

**Datums**: 4, 5, 6, 7 en 8 Desember
**Tye**: 4 Des (13:00 - 21:00), 5, 6, 7 Des (07:30 - 21:00); 8 Des (07:30 - 14:00)

4 x (20cm x 15cm) mini-vergroting foto's: **R180,00** vir afhaal of **R220,00** vir geregistreerde pos.
Toga en band beskikbaar by studio.
**Let wel**: Foto's word slegs geneem nadat betaling ontvang is.
Betaling kan by die studio gemaak word: kontant, snapscan of tjek.

**Besprekings**
Administrasie Blok A, Kamer 1013, of Tel: 021 808 3073 / 9260 / 3566 (08:00 – 16:30).
Direk na plegtighede sal ons kandidate afneem soos hulle aankom, omdat ons nie weet presies hoe laat die plegtighede gaan klaarmaak nie.
Kandidate kan vir enige dag ‘n afspraak maak, dit hoef nie op dieselfde dag as hul plegtigheid te wees nie.

***Amptelike grade-fotograwe van Universiteit Stellenbosch***

## GRADUERINGSEREMONIE: PROSES OP VERHOOG




## HOE OM BAND TE HOU

Plaas band oor linkerpols met "V" na bokant van arm.



Hou los punt van die band tussen duim en wysvinger.



FOTO A



FOTO B



FOTO C



## ROOI NOMMER OP VERHOOG (WAT BETEKEN DIT)

1. Stap na onderpunt van trap en stap trappe op; oorhandig jou voorstellingskaartjie aan die beampte. Jou naam word uitgelees.
2. Beweeg tot voor die persoon wat in die middel van die verhoog agter die kateder sit en buig jou kop vorentoe vir tikkie op kop. Maak seker lang hare is uit jou gesig. Kyk effens op na jou linkerkant vir FOTO A (fotograaf by rooi nommer 4).
3. Beweeg na jou linkerkant tot voor volgende staande persoon – hou linkerarm uit – band word van jou arm afgehaal. Staan met jou rug na die persoon – jy kyk dus na die gehoor - en die band word van agter oor jou skouers gehang. Kyk effens op na jou regterkant vir FOTO B en C (fotograaf by rooi nommer 5).
4. Beweeg na jou regterkant teen die trap af, ontvang jou koker aan die onderpunt van die trap en stap terug na jou oorspronklike sitplek in die saal.

**Let wel**: Indien jy proewe van foto's via e-pos wil ontvang, stuur 'n e-pos met jou studentenommer, naam en e-posadres na: pacj@sun.ac.za of orders@scpsphoto.com
(Neem net kennis dat studente wat nie verder studeer nie, se toegang tot e-pos gestaak word aan die begin van die volgende jaar.)